

**14 Desember**

**Skrifgedeelte: Johannes 16:16-24**  
**Fokusgedeelte: Johannes 16:23, 24**

### **Vind vreugde in gebed**

Gebed is 'n groot voorreg. Ook vandag kan jy opnuut in jou gebede jou hart by die Here oopmaak. Enige tyd van die dag of die nag is dit moontlik om met God te praat. Hoeveel aandag en tyd gee ons aan hierdie wonderlike onderwerp – ons gebede?

Op die Donderdagaand voor sy kruisiging het Jesus ook met sy dissipels oor hulle gebede gepraat. Ná dit wat met Hom sou gebeur met sy kruisiging en sy opstanding, sou hulle gebede nooit weer dieselfde wees nie. Jesus sê aan hulle: Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Dit hou in dat hulle nog nie tot God kon bid in die lig van sy voltooide verlossingswerk nie. Sy kruisiging en sy opstanding moes nog plaasvind.

Daarna sou 'n nuwe tyd aanbreek. Ook 'n nuwe tyd van gebed waaraan ons vandag deel kan hê. Gebed in die Naam van Jesus Christus. Gebed op grond van Wie Hy was en wat Hy in sy grootste verlossingswerk vir sondige mense kom doen het. Gebed waarin ons God as Vader kan aanspreek, omdat ons uit genade sy kinders is op grond van die werk van Christus. Deur sy verlossingswerk is ons sondes versoen, het Hy die straf gedra wat ons verdien het, het Hy lewe, vrypraak, vergifnis verdien vir elkeen wat Hom in ware geloof omhels.

Die voorreg om tot ons Hemelse Vader te bid, is al soveel rede tot vreugde. Verder is die verhooring van ons gebede 'n bron van groot vreugde. Jesus sê mos in vers 24: Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.

Ja, ons Vader hoor en verhoor ons gebede. Nie altyd soos ons dit wil hê of verwag nie, maar dis 'n vaste sekerheid wat elke dag aan ons soveel blydschap gee.

*Sing: Psalm 66:7, 9 (1936) Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*